

I

Professor Attie Vermaak druk met sy hand op die lessenaarblad en leun vorentoe in die rigting van sy sekretaresse. Hy is 'n lang man, met 'n fier en forse houding. Hy dra vandag 'n netjiese grys pak, met 'n effekleurige das. 'n Geelgevlekte pypsteel steek uit sy bosak, dikker, maar byna so grillerig soos die stert van 'n verdwynende muis.

“Juffrou Botha, goeie nuus! Ek het so pas 'n belangrike oproep ontvang, iets wat ek dink ons behoort op te volg. Ons het lanklaas 'n behoorlike ontdekking gemaak. Die dag is ryp; ons het die fondse en die tyd. Net die mannekrag kort. Hierdie klink na net die ding, moet ek sê!”

Estie Botha moet effens terugsit agter die lessenaar om op te kyk na hom. Sy gee haar kop 'n vinnige skud om 'n lastige haarsliert uit haar oë te kry. Sy voel deernis in haar opstoot. Die professor is al die afgelope ses jaar lank haar werkgewer en mentor. Hulle werk al so lank saam in hierdie vaal kantoor dat hulle mekaar se hebbelikhede deur en deur ken.

“Ja, Professor?”

Sy hou haar stemtoon professioneel en gelykmatig. Sy het al geleer om nie te gou opgewonde te raak oor die professor se verbeeldingsvlugte nie. Dié verskyn gereeld, elke maandeinde, jy kan byna jou horlosie daarvolgens stel.

“’n Boer het gebel uit Aberdeen in die Oos-Kaap,” begin hy. “Plaas Vriespoort, teen die Sneeuberge. ’n Afgetrede boer, eerder. Sieg Nel is die naam, as ek reg onthou. Hy woon nie meer op die plaas nie ... niemand woon meer op die plase daar nie. Te veel skelms. Te veel kriminele. Te veel rooikatte. Net die jakkalse kort nog om die prentjie volledig te maak, sê hy. Sybokhaar se prys is moer toe – as ek die woord mag gebruik ... as jy my sal verskoon.”

Hy weet hy hoef nie rêrig om verskoning te vra nie; dis nie die eerste keer dat hy sulke growwe taal teenoor sy sekretaresse gebruik nie. Dit gebeur eintlik heel gereeld. Sy hoor dit skaars meer, alhoewel sy haar dit tog van tyd tot tyd aanmatig om hom speels daaroor te skrobbeer. Maar nou ja, hy steur hom in elk geval nie aan haar aanmanings nie.

Die taal is soos sy pyp – deel van sy persoonlikheid. Oor sy rokery kan sy ook maar verniet kla, dit help net mooi niks. As sy sê “Professor, jou longe!” sal hy net dieper teug aan die suigding en die rook verder en nonchalanter uitblaas.

“Die boer gaan loer net nou en dan of die ou huis nog staan,” gaan hy voort, “trek die nostalgie in die neusgate op, sê hy. Die plaas is reeds van sy grootvader se tyd in die familie; hy sou dit graag meer gereeld wou besoek. Maar hy’s glo nie meer gewoond aan die buitelig nie. Die stof raak te veel, die lug te koud en te

dun daar tussen die berge. Sy gesondheid is natuurlik vir ons irrelevant, maar wat wel saak maak, is die res van sy storie.”

“Ja, Professor?”

“Een van sy werkers het dit glo kom vertel. ’n Getroue man, sê hy, een van die oerwonders van die plaas en baie betroubaar, ene Samuel Makietie. Die legende is dat daar iewers in ’n weggesteekte kloof – ’n plek waar die boer self nog nooit ’n voet gesit het nie, selfs nie as kind nie – ’n paneel bestaan van die aller-ongelooflikste rotstekeninge. Glo ’n hele tafereel van ruiters in uniform, op perde en met gewere aan die skouers, wat oorlog maak op troppe en troppe vluggende figure. Of hulle aan die jag of aan die jaag is, is nie duidelik nie.”

“Ja, Professor?” Estie leun met ’n suggie agteroor in haar stoel om aandag te veins. Sy doen dit nie ironies nie, maar met soveel oorgawe dat sy self oortuig is van die egtheid daarvan.

“Ek kan dit omtrent nie glo nie! Maar die boer sê hy ken Samuel Makietie al van hy kan onthou en die werker sal nie lieg nie. Hy weet net nie hoekom die man hom nie lankal daarvan gesê het nie. Dis seker die een of ander heilige plek vir hulle, waarskynlik ’n soort primitiewe kerk vir die oumense. Of dalk was die werker bang vir ’n oorveeg of twee. Hy was maar ’n karnallie in sy jonger dae, sê die boer, al moet hy dit nou tot sy skande erken. Dit was apartheidsdae daardie, moet jy onthou, alles was toelaatbaar. Net die sterkste het oorleef.”

“Mens het al byna vergeet van daardie tye.”

“Ja, ja. Dit strek ons net tot skande ... Die boer is nou te oud om self te gaan kyk, en hy’t buitendien nie die tyd of die regte

tipe voertuig nie, maar hy vra of ons dit sal opvolg. Hy is tog nuuskierig oor hoe so iets soveel geslagte vir hom en sy voorvaders verborge kon bly. En dit so te sê onder hulle neuse!”

Estie laat haar deur sy opgewondenheid meesleur.

“Haai, dit klink wonderlik, Prof! Dat so iets groots nog onontdek op hierdie aarbol kan bestaan. ’n Mens dink so alles is lankal reeds ontdek. En ons argeoloë krap meestal maar hier bolangs in die grond rond vir stukkies been en klipsplinters.”

“Hierdie klink na die ware jakob, sê ek jou!”

“Wat gaan Prof doen?”

“Wat gaan óns doen, is die vraag. Ek wil hê jy moet vir ons ’n span bymekaarmaak. Begin sommer vandag. Opgeleide argeoloë, g’n amateurs nie. Die beste plaaslike rotskunskenner. Ons móét gaan kyk. Reken jousef in, ek het jou nodig. Of jy wil of nie, sonder jou gaan ek nêrens meer nie. Jy’s my kerie vir die oudag.”

“Nee, ek gaan saam, Prof kan verseker wees daarvan. Dit bly ’n voorreg, ek’s hier om te leer. My toekoms lê op die pad waarby Prof al verby is. Ek wil darem nie heeltyd sekretaresse bly nie ... Enige spesifieke voorkeure?”

“Hu-u, niks nie, behalwe dat dit die allerbeste mense moet wees. Stuur ’n e-pos aan almal op ons adreslys en vra vir ’n verkorte cv en aanduiding van beskikbaarheid. Moenie spesifiek wees nie, sê net Attie Vermaak soek ’n span met rotskuns as spesialiteit vir ’n veldtrippie in die Oos-Kaap ... Of wag, sit vir ons ’n paar mitoloë ook by. Dalk moet ons stories ontrafel, prentjies omsit in taal. Miskien selfs iemand wat iets weet van

ikonografie, jy weet, daai ouens wat gravures en goed kan interpreteer. Dan 'n goeie kok en 'n drywer, sommer een en dieselfde, sou ek sê. Dit sit jy nie in die e-pos nie – ons vat sommer vir K-Moses saam. Ons kan die pakkie volmaak met 'n paar van die senior studente, om die harde handewerk te doen – grotbodemreste sif en so aan.”

“Watse mitoloë praat Prof van?”

“Nee, ek spot sommer. Ek bedoel daardie tipe argeoloog wat vir alles 'n verklaring in die onsienlike het. Hulle sal vanself aansoek doen, Lewis-Hamilton en sy soort. Ons kan hulle maar uitsoek soos hulle inkom. Dalk doen hy nog self aansoek.”

“Nie ná hoe julle twee koppe gestamp het in die laaste *Argeologiese Bulletin* nie.”

“Dalk juis. Polemiek is belangrik. Dit dra die tese, of wat sê Hegel mos alles?”

“Wie's Hegel?” Sy ken nie so 'n argeoloog nie, ook nie eens deur korrespondensie nie.

“'n Dooie filosoof.”

“Kry mens 'n ander soort?”

“Ge-ge-ge! Ek's nie bang vir hom nie ... ek praat van Lewis-Hamilton, nie van Hegel nie. Hy seker ook nie vir my nie. Om die waarheid te sê, ek sal nie omgee om weer 'n slag met hom swaarde te kruis nie.”

“Koppe stamp, swaarde kruis – ons lewe darem in 'n gevaarlike wêreld!”

“Ja-nee, jy's seker reg,” lag hy.

Estie kry dit elke keer reg om hom in 'n goeie bui te plaas.

Dis hoekom hy so baie van haar hou. En hy geniet dit om deel te hê aan haar opvoeding. Hy't self nooit 'n dogter gehad nie. Twee seuns, ja, maar dié het hom eintlik al ontgroeï. Hulle doen hulle eie ding, elk op die eie paadjie, die een in Kanada, die ander in die Kaap. Die lewe hier in die binneland is vir hulle te rof, hulle pa 'n oorbodige oorblyfsel uit 'n wêreld waarvan hulle nie meer deel wil wees nie.

“Een of twee van die senior studente sal definitief wil gaan,” sê sy. “Hulle soek maar altyd iets om te doen vakansietye.”

“Ja, en ons het 'n paar goeies vanjaar. Snaaks dat dit so verskil met die jare. Een jaar is omtrent almal topstudente, die volgende jaar kry jy niks met hulle uitgerig nie.”

“Ek dink hulle beïnvloed mekaar maar op 'n manier. Wanneer gaan ons?”

“In die September-reses, sou ek reken. Die winter is te straf en die somer te warm. Dis twee weke altesaam in die veld. Lank genoeg om die plek te fynkam, as ons 'n paar goeie stappers gebruik en rowwe aanwysings by die informant kan kry. Die plaas is glo maar so vyfduisend hektaar, groot vir daardie area, maar nie ontsaglik nie. Die werklike opmetings behoort nie langer as 'n dag of twee te neem nie. Ons kan maar terug op kantoor probeer sin maak uit wat ons gesien het. Elke ou is vry om sy eie verklarings te bedink, maar die Sentrum hou kopiereg. Dis alles onder die Sentrum se vaandel – maak dit tog baie duidelik in jou korrespondensie, asseblief.”

“Natuurlik. As die Sentrum die ding reël, is dit ons eiendom.”

Estie is trots om met so 'n gerekende akademiese instelling

geassosieer te word. Gelukkig dat argeologie 'n antieke vakgebied is, dink sy, oud genoeg om nie aan politieke korrektheid onderworpe te wees nie. Dit maak dit makliker om standarde – en status – te bewaar. Van haar kollegas in ander departemente is lankal met regstellende aanstellings vervang. Sy voel haar dus veilig genoeg om te sê wat sy wil, veral teenoor haar goedige senior.

“Ons eiendom, ja,” beaam hy. “En as ons dit nie kry nie, gaan ons later weer. Die soektog self sal al die moeite werd wees.”

“Gaan ons die Havemann-stipendium daarvoor gebruik?”

“Absoluut. Die Havemann-stipendium is die enigste fondse wat ons vir so 'n doel beskikbaar het. Ons kan jaarliks die volle 55 000 euro vir die projek gebruik – natuurlik nie net vir hierdie besoek nie, maar vir al die navorsing en opskryfwerk daarna. Jy kan solank vir ons 'n begroting opstel, met reiskoste vanaf die sentra van aansoeke tot in die hartland van die Sneeuberge, tot teen die laaste kranse, so te sê. Sorg dat die ouens nie van te ver af kom nie. En verkieslik padlangs arriveer, of hoogstens ekonomiese klas vlieg. Niemand van oorsee af nie, definitief nie. Vir verblyf moet jy maar primitief gaan, vir kos pap en vleis en 'n paar kilogram blikkieskos. Biltong om saam te dra. Niks meer as wat elkeen in 'n rugsak kan pak nie. Twee of drie voertuie van hier af. Of dalk gebruik ons sommer 'n bussie waarin almal pas. Ons sal waarskynlik nie met die voertuie tot by die plek kan ry nie, maar hopelik tot 'n paar kilometer daarvandaan, tot net voor die ergste berge. Van daar af is dit

voetslaan, sou ek reken. Wag maar met die finale logistiek tot-dat ons die mense het. Daar is nog genoeg tyd om alles te reël.”

“En wie van die ander kollegas gaan Prof saamvat?”

“Hoor maar wie van die drie wil gaan. Twee sal moet bly om die Sentrum op te pas – iemand moet die foon antwoord as jy nie hier is nie.”

“Ek glo nie Jaap sal saam nie. Hy’s op die oomblik te besig met sy eie projek.”

“Ja. Dalk tog ... Dalk soek hy wegkomkans. Ek verkies hom bo Faan of Servaas.”

“Moet ek vra, of sal Prof?”

“Ek sal een-een met hulle praat. Ek dink nie die ding moet te wyd verkondig word nie. Laat ek dit maar versigtig benader. Dit bly ’n geheim tot ons reg is ... En stuur tog maar ’n direkte uitnodiging aan Lewis-Hamilton. Ek reken ons gaan hom nodig hê, of ons nou wil of nie. Sê ek nooi hom persoonlik.”

“Maak so, Prof.”

Deur die halfoop kantoordeure kan Estie die drie kollegas gebuk oor hulle rekenaartoetsborde sien sit, oë stip op die skerms. Ten spyte van die moderne kantoormure lyk almal stowwerig en windverwaaid. ’n Eienaardige kombinasie van oer en modern, hierdie departement. Die mure is nuut gevef en die vloere onlangs blink geteël; op die toonbanke staan die allerbeste en nuutste tegnologie: digitale meetinstrumente, elektroniese mikroskope en skale. Maar in die vertoonkaste, op heuphoogte teen die kantoormure af, lê ou bene, brokke

van mensagtige skedels, volstruisdopkrale en werktuie uit klip. Die boekrakke teen die agterste mure en weerskante van die vensters staan vol gepak met boeke, tydskrifte en joernale, oud én nuut.

Servaas van Wyk kyk vlugtig op toe hy haar blik op hom voel, maar gaan dadelik weer voort met sy leeswerk. Baie skaam van geaardheid, dié man, nes die ander twee kollegas ook maar. Seker soos argeoloë behoort op te tree: altyd onseker, verskrik deur die hede en die toekoms, heelyd in die verlede aan die soek, vrae aan die vra, die oë op die grond.

Dis net die professor wat so vol bravade na die lewe kyk, dink Estie. En dit ook maar danksy ouderdom en ervaring; hy's nie juis in die akademiese omgang bekend as 'n wonderlike argeoloog nie. Dit weet sy wel – sy's nie blind vir sy foute nie. 'n Goeie bestuurder, ja, 'n man wat sy departement met 'n ysterhand regeer en boekhou van elke gebeurtenis. 'n Avonturier, iemand met 'n neus vir die onbekende. Soms ietwat van 'n dwarstrekker, 'n eenspaaier – maverick, soos die Engelse sê.

Maar as dit by die werklike skryfwerk kom, by die interpretasie van die vondse, is hy altyd oorhaastig, en heeltemal te lui. Hy laat die ander die skrywery doen, die gesloeg deur die spinnedrade van die akademiese taal. Gee hom die veld, sê hy altyd, grotte om in te grawe, die opwinding van 'n nuwe ontdekking, regte-egte spinnedrade om in verstrengel te raak, en weer uit los te kom. Seker dié dat hy so opgewonde is oor die rotstekening. Bietjie van 'n boerse weergawe van Indiana Jones, hy.

Estie lag innerlik oor dié vergelyking. Meer kan twee karakters sekerlik nie verskil nie! Het Indiana Jones ooit gerook? Besit hy 'n pyp? Sy kan nie onthou nie, maar sy dink nie so nie. En sy kan haar rêrig nie die professor met 'n rewolwer in die hand voorstel nie. Daarvoor is hy heeltemal te vreedsaam van geaardheid.